

Saterdag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-42

Fokusgedeelte: Handeling 2:38

Jou doop roep jou tot verantwoordelikheid om gehoorsaam te lewe

In reaksie op Petrus se preek reageer die mense met geloof en word deur Petrus aangespoor om hulle van hulle verkeerde leefwyse te bekeer en die doop as teken van hulle nuwe verhouding met God te ontvang. 'n Gedoopte kan dus nie voortgaan om in sonde te lewe nie, en ook hierin kom God ons met die doop tot hulp! My doop is die bewys (die waarborg) dat God, die Heilige Gees, in my woon en werk! Deur die versoening van Christus ontvang ek die Gees van God. Hy wil my juis herinner aan alles wat Christus vir my gedoen het en wat God my geleer het. Die Gees lei my op die pad van gehoor-saamheid.

Hierdie gehoorsaamheid word duidelik sigbaar in die lewe van die pas bekeerdes en gedooptes van Jerusalem in die wyse waarop hulle as gemeente saamkom en die Here dien! Hulle volhard daarin om God se Woord te bestudeer en in 'n getroue gebedslewe met die Here te lewe. Die gelowiges het gereeld bymekaar gekom om Nagmaal te vier en onderling vir mekaar te sorg! Die toewyding van hierdie eerste gelowiges was so aansteeklik dat dit baie mense oortuig het om hulle tot die Here te bekeer.

Net so wil die Here dat jy ook getrou en gehoorsaam aan Hom lewe! Jou doop herinner jou daaraan dat jy nou die geloofsverantwoordelikheid het om uit dankbaarheid vir jou redding in Christus aan God gehoorsaam te lewe. Bid daarom gedurig dat die Heilige Gees jou lei. Soek God op in sy Woord en bid gereeld. Leef met jou gemeente mee en dien die Here! Dit is jou as gedoopte se verantwoordelikheid.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)